PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

17 September 2023 | 041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Baie welkom aan elke Oupa & Ouma en ook elke senior lidmaat by vanoggend se Erediens!

Indien jy vanoggend 'n **besoeker**, **'n nuwe intrekker of - lidmaat** is hier by Hoogland, vertrou ons dat vanoggend se diens ook vir u 'n belewenis en 'n Goddelike ontmoeting sal wees.

Neem asseblief die vrymoedigheid en kom ontmoet ds Pieter na afloop van die diens voor by die preekstoel.

LIEFDE DIENSBAARHEID AANVAARDING AANPASBAARHEID DEURSIGTIGHEID

Baie Welkom: Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Pieter Nel
10:00 Gemeentepiekniek op die grasperk óf in die saal.

Deurkollekte: Jeug (Sin)

Program vir die Week

Maandag: 18 September
10:00 Gebedsaksie in Kapel

Dinsdag: 19 September
14:00 Vroue Bybelstudie
18:30 *Unlocking the Bible* - kursus

Woensdag: 20 September
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag: 21 September
10:30 Woord Werkgroep

Vrydag: 22 September
05:15 Mannebediening

Algemeen

Bydraes

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Enige gebedsversoeke kan vertroulik met 'n *WhatsApp*-boodskap gestuur word na:

079 815 9325

Spreuke 16:31

Ouderdom is 'n sierlike kroon; dit word bereik deur dié wat reg lewe.

Daar is elke Sondag lekker koffie & "*hot chocolate*", vir almal, na die erediens in die Voorhuis.
Onthou asseblief:
Hoogland maak ook staat op u donasies.

Nominasie vir die kerkraad

Daar sal binnekort vakatures op die Kerkraad beskikbaar wees. Nominasie-vorms is in die brosjure vakkies beskikbaar. Die vorms kan ook per e-pos aangevra word by info@pehoogland.co.za.

Handig asseblief die voltooide nominasievorms teen Maandag, 23 Oktober 2023 om 12:00, by die Kerkkantoor in. Plaas dit ook gerus in die kollektebord of e-pos dit.

HELP ASSEBLIEF

Eluthandweni benodig asseblief dringend 'n werkende STOOF met 4 plate en 'n oond. Hulle wil graag die dienswerkers oplei om etes voor te berei vir die pasiënte.

Esther & Joseman, Hoogland se 2 staatmaker werkers benodig ook die volgende:
Esther - 'n Selfoon wat in 'n werkende toestand is.
Joseman - 'n Stoof, al is dit net 'n tweeplaat stofie, en ook 'n televisie (vir die Springbokke se wedstryde).

Gesels gerus met Leandra in die Kerkkantoor as jy kan help met iets.

Ouma se skoene

Ek trek tog so graag in die oggend
my ouma se skoene aan,
dan sê sy: Goeiemore, Mevrou;
en waar kom jy vandaan?
'Jy lyk regtig mooi vanmôre,
met die hoedjie so skeef op die kop,
die skoene so wit en so oulik -
en wáár kry jy die pragtige rok?'
'Ag, Ouma, dis glad nie 'n rok nie.
Dis sommer my kakiebroek!
En ek is nie meer *mevrou* nie
maar sommer my ouma se poek.

My oupa is ouer as *Google*

My oupa is ouer as *Google* -
Dis moeilik om te glo,
maar ek het dit gaan *google*
en *Google* sê ook so!
Toe my oupa nog op skool was,
was daar glad nie *Google* nie.
Jy moes elke feit gaan naslaan
in 'n en-si-klo-pe-die.
Ek vra altyd vir *Google* uit
oor als waaroor ek wonder
Hoe op aarde het my oupa
reggekom daarsonder?

Uit die hart....

Ek wonder of Ouma en Oupa die tien gebooie kan onthou? Daar is ook tien gebooie vir grootouers - oumas en oupas - saamgestel. Miskien het dit so bietjie waarde:

1. Jy mag nie so lief wees vir jou kleinkinders dat hulle vir jou afgode word nie.
2. Jy mag nie inmeng met die grootmaak van jou kleinkinders nie.
3. Jy mag nie jou kleinkinders só bederf dat dit jou eie kinders moedeloos maak nie.
4. Jy mag nie jou kinders se gesag voor jou kleinkinders ondermyn nie.
5. Jy mag nie een spesifieke kleinkind voortrek of meer aandag aan een kleinkind gee nie.
6. Jy mag nie die vertroue skend wat jou kleinkinders in jou stel nie.
7. Jy mag nie die liefde van jou kleinkinders as vanselfsprekend aanvaar nie.
8. Jy mag nie nét oor jou eie kleinkinders praat nie - gee ander oupas en oumas kans om hulle sê te sê.
9. Jy mag nie heimlik meen dat jóu kleinkinders mooier, beter en slimmer as dié van jou vriende is nie.
10. Jy mag nie jou kleinkinders net met materiële dinge bederf nie - gee aan hulle ook geestelike waardes vir die lewenspad.

Ds Pieter